Ges 32 : 1, ~~4~~
~~Ps~~. 2 : 1, 2
Ges 36 : 5

Die Tegniek 'n Demoon?
Gen. 11:1-9
Hand. 2: ~~1~~-11

Lank. 4 Aug. 1963.

Gen. 11: 6 – Nou sal niks vir hulle meer onmoontlik wees van wat hulle van plan is om te doen nie

Baie, baie vrae rys in ons gemoed as ons hd. wise in Gen. 11 lees. Want hier het ons o.a. die eerste meddeling v.d. mens se doelbewuste poging om sy kennis v.d. tegniek v.d. wetenskap op 'n groot massaskaal ~~in~~ in te span en toe te pas. – i.d. bou v.d. toring v Babel. Hier het ons die eerste meddeling v.d. begin v.d. grootstad en die aanwending v.d. tegniek in diens v.d. mens as ons lees in vs. 4: „En hulle sê: Kom, laat ons vir ons 'n stad bou en 'n toring waarvan die spits tot aan die hemel reik". (Huisgenoot).

By baie ander vrae kom bv. die volg.: Is die uitvindinge v.d. tegniek en d. wetenskap goed of kwaad? 'n Seën of 'n vloek? Wie heers vandag: die mens – of d. masiën?

Baie mense sal dadelik antw. en sê: dis 'n vloek in d. moderne lewe. Kyk mr. na bv:

1) Die telefoon: – watter tiran word dit nie in baie mense se lewens: onderbreek gesprekke – wek op jou soms ~~...~~

2) Die motorkar: Hoeveel bestuurders (andersins goeie mense) word eenvoudig duiwels as hulle agter 'n Wa se wiel inklim?

3) Optel-, reken- & ander masiene: maak d. mens lui om sy verstand te gebruik, bring nutteloosheid mee, bring spanning i.d. mens se hele gees en ligg. sisteem, maak d. mens 'n onpersoonlike wese, 'n blote ratjie in 'n groot masien – Hou dat meer en meer mense gryp na kalmeerpille en verdowingsmiddele; dien dat ons meer en meer alkoholisme en senuweekwellinge & selfmoorde kry – die lewe word vir mense te veel, verloor sy sin vdeel!

4) Atoombom: toppunt v.d. mens se mag –

Ander weer redeneer & sê: ons erken baie van hd. dinge – ons voorstel self daarmee – maar hd. uitvindinge is tog nie net 'n vloek nie – ook 'n seën.

1) Telefoon, Motorkar, Vliegtuig, Radio, selfs TV.: Bring baie probleme, spannings, verseis geweldige nuwe aanpassing – mr. het dit nie ook talle nuwe moontlikhede, gaan ontwikkelinge gebring? Die mens se hele gees en denke vernuwe nie?

2) Optel- & rekenmasjiene, automatisasie: Erken dit maak d. mens lui, bring mee dat 2 mense skynbr. d. werk van 200 doen, mr. dit neem nie weg – gee ons meer vrye tyd, verhoog tog d. alg. lewensstandaard. Milj. mense het vandag geriewe ~~wat~~ & genietinge as in enige ander tyd v.d. wêr. se bestaan!

3) Atoombom: „Juis d. ontdekking van so 'n geweldige ~~mag~~ vernietigende mag het d. mens teen sy sin laat erken dat ~~hy~~ sy mag hom onmagtig maak, dat sy tegniese vooruitgang, of hy wil ~~of~~ nie, sy morele verantwoordelikheid verhoog. Daarom dat selfs Rusland bereid is om nou 'n verdrag te help sluit!"

Voor ons ~~op~~ as mense probeer om antwoorde te gee wat net uit ons mensl. wysheid of dwaashede voortkom, laat ons eers vra: Het God iets te sê oor die saak? Het Hy vir ons 'n woord?

Wat die O.T. betref is dit veral Gen 11:1-9 wat in die verband ons aanspreek. Hier het ons d. mensdom besig om 'n toring te bou nadat hulle hulle i/d stad saamtrek. Hd. toring word gebou met 'n 3-ledige motief (en ons het al geleer dat vir die Xtn die belangrikste ding is om altyd eers na d. motief te kyk): Vs 4

① 'n Toring wat na d. hemel reik: – die mens wil dus sy super-menslikheid betoon – hy wil word en wees soos God – wil by God uitkom op sy eie manier!

② 'n Toring waarmee hulle 'n naam kan maak: Dus: 'n tegnologiese prestasie (soos ons moderne argitektuur v. duiselingwekkende wolkekrabbers ook kan getuig) waardeur d. mens eer en aansien kan verkry, sy naam kan verewig!

③ 'n Toring waardeur hulle hulle mensl. verbondenheid kan [illegible] bestendig: „Sodat ons nie oor d. hele aarde verstrooid raak nie": dus d strewe na 'n bloot mensl., aardse eenheid

En God, die Here? Hy sien dwarsdeur al hul planne en metiewe en met een pennestreep vernietig Hy al hul oogmerke – deur net toe te laat dat hulle medium v. kommunikasie v. gedagtes nl. die taal, versteur word. En uit d. versteuring volg die verstrooiing. Hy spreek dus sy oordeel uit [illegible] — Nr. spreek Hy dit uit oor d. feit dat hulle 'n stad gebou het of 'n toring – of spreek Hy sy oordeel uit oor d. motief waarmee hulle dit gedoen het? As dit oor d. feit is, dan is alle stede en alle torings sondige skeppinge —

Die antwoord vind ons in ons teksvers (vs. 6) „Nou sal niks vir hulle meer onmoontlik wees van wat hulle van plan is om te doen nie" – „En dis net die begin van hulle onderneming" As God dus halt roep aan hul onderneming en hulle verstrooi is dit nie omdat hulle net een taal gepraat het of net op een plek gewoon het of net een toring gebou het, nr. omdat hulle hulle menslike vernuf en tegniek wou inspan om Gods doel en plan in hulle lewe uit te skakel, om weg te doen met Gods hand in hulle bestaan, om in te gryp in Gods akkoord vir hulle eie selfsugtige en eensydige doel! Dan vernietig God hulle raad en verwar Hy hulle planne – soos Hy baiekeer genoodsaak is om dit ook met ons te doen!

Maar waar bring dit ons nou as ons dink aan ons lewe vandag – aan die mag v.d. masien en die menslike uitvindinge? Laat ons dadelik erken dat ons nog so binne-in hd. revolusie is wat d. menslike lewe en gees so aangryp en omkeer dat ons nog geen duid. beeld het, geen klaar antwd oor alles wat God wil. Mr. hd-lig gee Gods Wd ons in elk geval:

① Die ellende en d. kwaad lê nie i/d masien mr in die mens, nie in d. skepping mr. in d skepsel. Nie in die uitvinding mr. i/d manier w/op dit aangewend word. Bv. atoomenergie: die groot vr. nie hoe d. makkulike ~~krag~~ getem kan word nie, mr. hoe d. mens getem kan word. Om dus te praat v.d. demoniese krag v.d. tegniek is dwaas!

② Die antwoord ~~wat~~ van God op d. mens se poging by Babel word u nie in Gen 11 nie mr in Hand. 2:1-11 waar God die krag van Omhoog gee, w/at d. mens na d. hemel reik, w/mee hy sy ware eenheid ontdek en sy roeping op aarde begin verstaan. Want m.d. uitstorting v.d. HG.:
– wys d. mens sy weg na d. hemel
– " " " " ware grootheid
– leer d mens wat ware eenheid is

→ Roeping v Kerk en Christene in hd. tyd:
① hul vra: wat Gods deel – Gods Skepping goed
② ander help wat vasgevang is –
③ Seëninge v.d. tegniek: het elk d/ie deel?